DAG 50-Voorwaardes vir Herlewing: …VRA en ONTVANG

Open 2:26-27 En **aan hom wat oorwin** en my werke tot die einde toe bewaar, **sal Ek mag oor die nasies gee**, en hy sal hulle regeer met ‘n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, **net soos Ek ook van my Vader ontvang het**.

MESSAGE - Rev 2:26-27 "**Here's the reward I have** for every conqueror, everyone who keeps at it, refusing to give up: You'll rule the nations, your Shepherd-King rule as firm as an iron staff, their resistance fragile as clay pots. **This was the gift my Father gave me**;….

AMPL - Rev 2:27 And he shall rule them with a sceptre (rod) of iron, as when earthen pots are broken in pieces, and [*his power over them shall be*] **like that which I Myself have received from My Father;**

Psa 2:8 **Eis van My**, en Ek wil nasies gee as u erfdeel en die eindes van die aarde as u besitting.
Psa 2:8-9 **Ask of Me, and I will give You the nations…..**

Joh 17:11 , 24 ….wat U My gegee het,

Almagtige God, ons bely ons weet nie werklik wat geloof is, of hoe om ons geloof uit te lewe nie. Ons ontvang nie, want ons vra nie. Ons gebede is kragteloos en oneffektief, want ons lewe nie in opregtheid volgens U Woord nie. Wees ons asseblief genadig. Gee ons meer vertroue in U. Leer ons hoe om te **vra EN TE ONTVANG soos wat U VAN DIE VADER ONTVANG HET.** Leer ons om reg te lewe en hoe om voorbidding te doen vir ander, en te bid vir die siekes, sodat hulle kan gesond word en U Naam verheerlik kan word!

Stof tot Nadenke…

“Ons moet nog sien wat God kan doen met iemand wat totaal aan Hom toegewy is.” – Leonard Ravenhill.

Onophoudelike Gebed:

Here Jesus, ek verlang daarna om in geregtigheid te wandel...

DAG 51-Voorwaardes vir Herlewing: …SPREEK DIT

Num 14:28 Sê vir hulle: So waar as Ek leef, spreek die HERE, waarlik, **soos julle voor my ore gespreek het**, so sal Ek aan julle doen.

AMPL - Num 14:28 Tell them, As I live, says the Lord, **what you have said** in My hearing I will do to you:

CEV - Num 14:27 Now I swear by my own life that I will give you exactly **what you wanted.**

Middelaar en Redder,
Vergewe ons vir ons verkeerde belydenisse en wat ons in ONGELOOF en in onkunde gespreek het;

Partykeer moet ons soos Job bely: ...
Kyk, ek is te gering. Wat kan ek U antwoord?
Ek lê my hand op my mond.

Job 40:4-5 "I'm speechless, in awe--words fail me. I should never have opened my mouth! I've talked too much, way too much. I'm ready to shut up and listen."

Help ons om Gelowig te praat EN TE KRY WAT ONS GESPREEK HET. (OF stil te bly) - Ons vra dat U ons deur die Heilige Gees sal leer hoe om te bid. Ons bid dat U deur die Heilige Gees vir ons sal intree wanneer ons nie weet hoe om te bid nie. Leer ons om sensitief te wees vir U stem wat deur die Heilige Gees met ons praat.

Stof tot Nadenke…

Een biddende persoon staan by God opgeteken as 'n meerderheid.
Uittreksel: Hoekom Herlewing Talm deur Leonard Ravenhill.

Onophoudelike Gebed:

Heilige Gees, help my in my swakheid.

DAG 52- Voorwaardes vir Herlewing: SPREEK DIT

Mar 11:23 Want, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen **wat vir hierdie berg sê:** Hef jou op en werp jou in die see—en nie in sy hart twyfel nie, maar **glo dat wat hy sê**, sal gebeur—hy sal verkry net wat hy sê.

AMPL - Mar 11:23 Truly I tell you, **whoever says** to this mountain, Be lifted up and thrown into the sea! and does not doubt at all in his heart but **believes that what he says** will take place, it will be done for him.

MESSAGE - Mar 11:23 and nothing will be too much for you. This mountain, for instance: **Just say,** 'Go jump in the lake'--no shuffling or shilly-shallying--and it's as good as done.

WE CAN ENABLE
THE ANSWERS TO OUR PRAYERS
OR DISABLE THEM
BY THE WORDS OF OUR MOUTHS.

Psa 19:14 (19:15) Laat **die woorde van my mond** en die **oordenking van my hart** welbehaaglik wees voor u aangesig, o HERE, my rots en my verlosser!
Psa 19:14 Let the **words of my mouth**, and the meditation of my heart, be acceptable in thy sight, O LORD, my strength, and my redeemer.

Hemelse Vader, ons verhoog U Naam. Ons verklaar dat alles oor U gaan wanneer ons bid, en nie oor ons nie. U is soewerein, heilig en vol majesteit. Ons rig ons versoeke aan U, want U is die bron van alle goeie dinge. Niks is vir U onmoontlik nie en ons vertrou U in alles. Ons buig voor U grootheid en heerlikheid.

Stof tot Nadenke…

Bid is net om met Hom te praat – asof Hy so pas ingestap het en ons wil graag hê Hy moet bly en luister na alles wat ons te sê het voordat Hy weer vertrek...
Uittreksel: I will pour out my Spirit deur J.E.Church.

Onophoudelike Gebed:

Vader, Ken my hart, bewaar my lippe..

DAG 53-Voorwaardes vir Herlewing: …SPREEK DIT

Heb 10:23 Laat ons **die belydenis van die hoop** onwankelbaar vashou, want Hy wat dit beloof het, is getrou;

Heb 10:23 So let us **seize and hold fast and retain without wavering the hope we cherish and confess** and our acknowledgement of it, for He Who promised is reliable (sure) and faithful to His word.

Heb 10:23 Let us hold fast the **profession of** ***our*** **faith** without wavering; (for he *is* faithful that promised;)

PROFESSION MEANS TO CONFESS AND CONFIRM WHAT GOD SAYS … UNLESS WE AGREE WITH GOD WE WILL NOT BE ABLE TO WALK WITH GOD.

Amo 3:3 Sal twee met mekaar wandel tensy hulle **eers afgespreek** het?
Ampl - Amo 3:3 Can two walk together, **except they be agreed?**

Vader van Genade, Ons bely dat ons , ons wil onderwerp aan U wil, ons wil SAAM MET U WANDEL , maar ons kan dit nie doen as ons nie PRAAT SOOS U PRAAT en DOEN soos U DOEN nie; Help ons om soos Jesus NIKS TE SPREEK uit onsself nie. (**Joh 12:49**) DANKIE JESUS dat ons nou kan weet wie U is , help ons om ook NIKS uit onsself te doen nie; maar net wat die Vader ons geleer het, te spreek **Joh 8:28**

Stof tot Nadenke…

God se verbond oor herlewing is sy inisiatief. Geen mens het nog ooit by God gepleit totdat Hy belowe om herlewing te stuur nie. Omdat Hy die God van herlewing is, gee Hy gewilliglik vir ons die uitnodiging om te bid totdat herlewing kom. God is gretiger om vir ons herlewing te gee as wat ons is om dit te ervaar.
Uittreksel: Revival Fire deur Wesley Deuwel.

Onophoudelike Gebed:

Here Jesus, laat u koninkryk in my lewe kom.

DAG 54-Voorwaardes vir Herlewing: …SPREEK DIT

Joe 3:10 ……; laat die swakke **sê:** Ek is 'n held.
Joe 3:10 …..let the weak **say**, I am strong [*a warrior*]!

LET THE WEAK SAY I'M STRONG
LET THE POOR SAY I AM RICH
LET THE BLIND SAY I CAN SEE
IT'S WHAT THE LORD HAS DONE IN ME

Here, ons mag nie meer van onsself dink as wat ons behoort te dink nie, (Rom 12:3) , maar ons mag ook nie MINDER vanonsself dink as wat U ons gemaak het om te wees nie. Ons wy ons emosies, ons wil en ons hele verstand aan U, asook elke besluit wat ons neem.

Here help ons om nie te dink ons is te jonk nie , Jer 1:7 *…want na wie U ons ook al stuur, moet ons gaan; en wat U ons ook al beveel, moet jy spreek.*

Laat ons nie dink ons is te gering nie - RIGT 6:15 … *maar laat ons liewer saam met U stem as u ons noem "DAPPER HELD"* . Rigt 6:12

Laat ons ook nie vra Wie is ek, (Ex 3:11-12) nie… maar weet wie ek is in U. (Fil 4:13)

THE WORDS WE SPEAK GENERATES POWER

Stof tot Nadenke…

Die groter doel in herlewing is God se eer. Herlewing is nie afhanklik van persone nie. Herlewing is nie afhanklik van evangelisasie nie. Herlewing word eerstens gekenmerk deur gebeds afwagting, dan bewustheid van God, dan gebrokenheid, dan openheid en laastens getrouheid. **Uittreksel: Baptise with Fire deur Arthur Skevington Wood.**

Onophoudelike Gebed:

Vader, openbaar U wil aan my.

DAG 55-Voorwaardes vir Herlewing: …SPREEK DIT

Rom 10:8-10 Maar wat sê dit? Naby jou is die woord, **in jou mond** en in jou hart. Dit is die woord van die geloof wat ons verkondig: As jy met **jou mond** die Here Jesus **bely** en **met jou hart glo** dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want **met die hart glo ons** tot geregtigheid en **met die mond bely ons** tot redding.

Rom 10:8-10 But what does it say? The Word (God's message in Christ) is near you, **on your lips** and **in your heart**; that is, the Word (the message, the basis and object) of faith which we preach, Because if you acknowledge and **confess with your lips** that Jesus is Lord and **in your heart believe** (adhere to, trust in, and rely on the truth) that God raised Him from the dead, you will be saved. For **with the heart a person believes** (adheres to, trusts in, and relies on Christ) and so is justified (declared righteous, acceptable to God), and **with the mouth he confesses** (declares openly and speaks out freely his faith) and confirms [*his*] salvation.

THE COMBINATION OF A BELIEVING HEART AND FAITH FILLED MOUTH, CAN REMOVE MOUNTAINS

Here, Bron van ons lewe, ons bid dat U oorvloedige voorsiening in ons lewens ‘n getuienis sal wees vir ongelowiges. Ons gee onsself oor aan U om U wil te doen. Ons smeek U dat ons niks sal kortkom om die werk te voltooi waarvoor ons geroep is nie. Maak ons harte oop om oorvloedig te gee aan dié wat nie het nie , sonder vrees dat ons self daardeur gebrek sal ly.

Stof tot Nadenke…

Die doel van herlewing is om God se genade te openbaar. Die boodskap van herlewing verheerlik God, is gegrond op die Bybel, fokus op Christus en red siele. Uittreksel: Baptise with Fire deur Arthur Skevington Wood.

Onophoudelike Gebed:

Here God, U is my Voorsiener.

DAG 56-Voorwaardes vir Herlewing: …SPREEK DIT

Joh 15:7 As julle in My bly en **my woorde in julle**, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry.

MESSAGE - Joh 15:7 But if you make yourselves at home with me and **my words are at home in you**, you can be sure that whatever you ask will be listened to and acted upon.

AMPL - Joh 15:7 If you live in Me [*abide vitally united to Me*] and **My words remain in you** and continue to live in your hearts, ask whatever you will, and it shall be done for you.

Num 22:38 …… Is ek nou wel in staat om iets te spreek? **Die woord wat God in my mond lê, dit sal ek spreek.**

Regverdige Regter, ons is onwillig en het 'n wrok in ons harte wanneer ons iemand anders moet vergewe wat iets teen ons verkeerd gedoen het. Dit bring ons diep in die skuld by U! Here vergewe ons waar ons kwaadgepraat het, of in ongeloof dinge uitgespreek het. Help ons om hulle te vergewe wat teen ons gepraat het, of dood oor ons lewens gespreek het. Heilige Gees U lei ons in alle waarheid; help ons om slegs waarheid te praat, slegs lewe te praat en slegs te bou, stig en bemoedig.

Stof tot Nadenke…

Die Heilige Gees is die bewerker van Herlewing. Hy heilig, Hy oortuig, Hy wek op, Hy stel in staat en beheer.
Uittreksel: Baptise with Fire deur Arthur Skevington Wood.

Onophoudelike Gebed:

Here Jesus Christus, wees my, 'n sondaar, genadig!

GEDAGTE VIR WEEK

"Ek het altyd gebid dat God my met Sy Gees moet vul. Wel, eendag in New York stad – ai, wat 'n dag! – dit was onbeskryflik. Ek verwys selde daarna. Dit is amper 'n te heilige ervaring om daaroor te praat. Paulus het 'n soortgelyke ervaring gehad waaroor hy vir veertien jaar niks gepraat het nie. Ek kan maar net sê dat God Homself aan my openbaar het, en dat ek so 'n belewenis van sy liefde ontvang het dat ek moes vra dat Hy moet wag daarmee. Ek het weer gaan preek. Die preke was nie anders nie; ek het nie enige nuwe waarhede voorgehou nie, en tog, honderde het tot bekering gekom. Ek sou nie nou weer wou teruggaan tot voor hierdie geseënde ontmoeting nie. Selfs al sou jy my die hele wêreld aanbied – dit is maar soos 'n spikkeltjie stof in die weegskaal... – **D.L.Moody oor Persoonlike Herlewing.**

SELGROEP – WEEK 8

1. **Wat het jou die meeste getref die' week wat verby is ?**

2. **Gen 17:5** Daarom sal hulle jou nie meer Abram noem nie, maar jou naam sal wees **Abraham**, want Ek maak jou 'n **vader van 'n menigte van nasies**.
3. Geloof is volgens Rom 4:17 ….om…die dinge wat nie bestaan nie, roep asof hulle bestaan. BESPREEK
4. Volgens Rom 4:18 is dit om … **teen hoop op hoop** te glo . (Heb 11:1 ; 1 Kor 13:13)
5. Rom 4:19 En **sonder om te verswak in die geloof** het hy, al was hy omtrent honderd jaar oud, (Deut 34:7; Jos 14:11)
6. …..nie gelet op sy eie liggaam wat alreeds verstorwe was, en op die verstorwe toestand van die moederskoot van Sara nie. (**2 Kor 5:7**)
7. Rom 4:20 En hy het nie deur ongeloof aan die belofte van God getwyfel nie, (**Lees: Jak 1:6)**
8. maar **hy is versterk deur die geloof** en het aan God die eer gegee ; **(Hand 16:5;**
9. Rom 1:17 Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar **uit geloof tot geloof**, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe.

VISIE :
HERE AS EK NIE MEER SPREEK WAT U WIL HE NIE, LAAT DIT IN MY WORD SOOS VUUR - Jer 20:9 ….
…